

**VRAESTEL VIR HERSIENING**

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**JUNIE 2017**

**GRAAD 12**

**Vraestel 2**

**Totaal: 80 punte**

**Tyd: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. **Lees die volgende instruksies noukeurig deur voor jy die vraestel beantwoord.**

2. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	Gedigte	(30 punte)
AFDELING B:	Roman	(25 punte)
AFDELING C:	Drama	(25 punte)

3. Beantwoord altesaam **VYF vrae: drie uit Afdeling A, een uit Afdeling B en een uit Afdeling C.**

**AFDELING A: GEDIGTE**

Gesiene gedigte – Beantwoord TWEE vrae.

Ongesiene gedig – Beantwoord die VERPLIGTE vraag.

**AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord EEN vraag.

**AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag.

4. **KEUSE VAN VRAE BY AFDELING B (ROMAN) EN AFDELING C (DRAMA)**

- Beantwoord SLEGS die vrae oor die roman en drama wat jy bestudeer het.
- Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG.
- As jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord, moet jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord. As jy die kontekstuele vraag in AFDELING C beantwoord, moet jy die opstelvraag in AFDELING B beantwoord. Gebruik die kontrolelys om jou te help.

5. **LENGTE VAN ANTWOORDE**

- Die lengte van die opstel vir die gedig is 250–300 woorde.
- Die lengte van die opstel vir die roman en drama is 400–450 woorde elk.
- Die lengte van die antwoorde van die kontekstuele vrae word deur die puntetoekenning van elke vraag bepaal.
- **Beantwoord jou vrae bondig en relevant.**

6. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

7. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

8. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

9. Laat 'n **reël oop** tussen jou antwoorde en moenie in die kantlyne skryf nie

10. Voorgestelde tydsindeling:  
 Afdeling A: ongeveer 40 minute  
 Afdeling B: ongeveer 55 minute  
 Afdeling C: ongeveer 55 minute.

11. Skryf netjies en leesbaar.

## 12 KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAGNO	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	<b>1 - 4</b>	<b>2</b>	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	<b>5</b>	<b>1</b>	
Roman (Literêre opstel of kontekstuele vraag)	<b>12 - 13</b>	<b>1</b>	
C: Drama (Literêre opstel of kontekstuele vraag)	<b>16 - 17</b>	<b>1</b>	
<b>LET WEL:</b> Beantwoord EEN LITERÊRE OPSTEL en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C onderskeidelik.			

## INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees

<b>AFDELING A GEDIGTE</b>			
<b>Voorgeskrewe gedigte: beantwoord enige TWEE vrae</b>			
<b>VRAAGNOMMER</b>	<b>VRAAG</b>	<b>PUNTE</b>	<b>BL</b>
1. 'n vigslyer sterf	Opstelvraag	10	5
2. nog in my laaste woorde	Kontekstuele vraag	10	6
3. Twee kleuters in die Vondelpark	Kontekstuele vraag	10	7
4. Vincent van Gogh	Kontekstuele vraag	10	8
<b>EN</b>			
<b>Ongesiene gedig Beantwoord EEN vraag</b>			
5. Windloos - K.de Wet	Kontekstuele vraag	10	9
<b>EN</b>			
<b>AFDELING B: ROMAN</b>			
<b>Beantwoord slegs EEN vraag.</b>			
6. Die kwart-voor-sewe-lilie	Opstelvraag	25	10
<b>OF</b>			
7. Die kwart-voor-sewe-lilie	Kontekstuele vraag	25	10
<b>OF</b>			
8. Manaka, Plek van die horings	Opstelvraag	25	10
<b>OF</b>			
9. Manaka, Plek van die horings	Kontekstuele vraag	25	10
<b>OF</b>			
10. Vatmaar	Opstelvraag	25	10
<b>OF</b>			
11. Vatmaar	Kontekstuele vraag	25	10
<b>OF</b>			
<b>12. Onderwêreld</b>	<b>Opstelvraag</b>	<b>25</b>	<b>11</b>
<b>OF</b>			
<b>13. Onderwêreld</b>	<b>Kontekstuele vraag</b>	<b>25</b>	<b>11</b>
<b>EN</b>			
<b>AFDELING C DRAMA</b>			
<b>Beantwoord slegs EEN vraag.</b>			
14. Krismis van Map Jacobs	Opstelvraag	25	13
<b>OF</b>			
15. Krismis van Map Jacobs	Kontekstuele vraag	25	13
<b>OF</b>			
<b>16. Mis</b>	<b>Opstelvraag</b>	<b>25</b>	<b>13</b>
<b>OF</b>			
<b>17. Mis</b>	<b>Kontekstuele vraag</b>	<b>25</b>	<b>14</b>

**AFDELING A: GEDIGTE****VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

**VRAAG 1: OPSTELVRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vraag wat volg.

**‘n vigslyer sterf - Vincent Oliphant**

1. die takelwerk word afgetakel
2. stadig sien sy geliefdes hom inplof
3. die bekende vlees na binne stort
4. hulle sien hom steeds stof word
  
5. iets wil huil oor die bros vel
6. wat soos dun seil oor brose stokke lê
7. oor die mond wat iets wil sê
  
8. die gewig van die lug
9. is vir die hand te swaar
10. die lyf
11. nou klein en seer
12. het byna alles reeds verleer
  
13. net die oë bly groter staar
14. soek na raad teen al die skade
15. na die genade van sag gaan
16. na verstaan

Klanke speel ‘n belangrike rol in hierdie gedig: dit bind en bring die betekenis na vore.

Bespreek hierdie stelling in ‘n opstel van 250 – 300 woorde.

**[10]**

**OF**

**VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Nog in my laaste woorde - N.P. van Wyk Louw**

1. Nog in my laaste woorde sal jy wees,
2. nog in die laaste skeemring van my dink
3. en weet, as ek alleen in die bitter vrees
4. van sterwe lê, en al die mindre sink
5. in my deur vaal vergetelheid: veel haat,
6. veel liefde wat kon waag om min te vra,
7. ure wat rus geken't, of blote daad,
8. en nie die teken van jou onrus dra,
9. O jy wat vlam was: skoon en sterk en blind
10. vir smart; wat alles tot jou beeltnis brand;
11. wat als kon eis en nooit volkome vind
12. versadiging! Dan weet ek het jou hand
13. my jeug se oopgelate kring voltooi:
14. mooi is die lewe en die dood is mooi.

Uit: *Die halwe kring*, Julie 1937

- 2.1 Die woorde **nog** en **laaste** is prominent in die titel asook versreël 1 en 2. Benoem die retoriese middel en verduidelik die funksie daarvan. (2)
- 2.2 Wat is die funksie van die enjambement aan die einde van reël 2? (1)
- 2.3 Benoem die beelspraak wat in reël 9 voorkom en gee 'n verklaring van dié beeltdspraak in jou eie woorde. (2)
- 2.4 Gee die funksie van die alliterasie in reël 11 en 12. (1)
- 2.5 Watter bydrae lewer die inversie(omgekeerde woordorde) in reël 14 tot die inhoud van dié reël? (1)
- 2.6 Benoem die DIGVORM van die gedig. Bewys jou antwoord deur na TWEE kenmerke van hierdie DIGVORM te verwys. (3)

**[10]**

**OF**

**VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

**Twee kleuters in die Vondelpark - Elisabeth Eybers**

1. Twee kleuters in die Vondelpark bly staan
2. 'n klein oneindigheid lank hand-in-hand.
  
3. Smetloos geteken dryf die dubbelswaan:
4. gesplete hart van hals en dubbelhals,
5. geskulpte vlerk met dubbelvlerk teenaan,
6. geslote snawel dynserig vervals
7. met eenkant lug en water anderkant.
  
8. Versadig van die roerlose gesig
9. pluk hy – die seuntjie – plotseling aan haar hand
10. vir verdergaan, sleep haar tot ewewig
11. as sy nog strompelend omkyk na die swaan.
  
12. Verby die bome druis die straatruoer.
  
13. Van skopfiets tot trapfiets gepromoveer,
14. bromfiets tot motor, sal hy konstateer
15. – die wiel sy ordeteken – dat hy lid
16. is van die kollektiewe Lilliput.
  
17. Maar sý sien webbe onderwater roer.
  
18. Miskien is dit die laaste dag van staar
19. en grondelose verwondering. Wat sou
20. hý, weerloos wordend, wees oor dertig jaar?
21. 'n Saaklike barbaar, 'n fyn sadis,
22. 'n doktrinêre Hollandse meneer?
23. En sý 'n druk slagvaardige mevrou
24. met 'n allure van dít-is-soos-dit-is?
  
25. Die swaan bly oor sy dubbelbeeld gekeer.

Uit: *Balans*

- 3.1 Hoe word die tema van die gedig reeds in die titel gesuggereer?

(1)

- 3.2 Herlees reël 1 en 2.  
 3.2.1 Benoem die strofepbou en verduidelik hoe dit met die inhoud van die strofe skakel. (2)  
 3.2.2 Skryf die oksimoron neer. (1)
- 3.3 Benoem die retoriese middel wat in strofe 2 gebruik word en verduidelik wat die funksie daarvan is. (2)
- 3.4 Herlees reël 13 tot 16.  
 Bespreek die progressie wat in reël 13 - 14 voorkom en verduidelik hoe dit by die beeld in reël 16 aansluit. (3)
- 3.5 Stem jy saam met die spreker se siening oor die rolle van man en vrou soos wat dit in die gedig geïmpliseer word? Motiveer. (1)  
**[10]**

OF

#### VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

##### Vincent van Gogh - DJ Opperman

1. Jy het as 'n miskende
2. heilige vergeefs geveg teen die ellende
3. en die onreg in die krotte van die myn,
4. in agterbuurtes en op landerye; slegs die pyn
5. en skriklike stryd van God
6. leer ken, wat mens en boom verknop
7. in Sy kramptrekke; maar eers toe jy die koringgerwe
8. in aanbidding van die son kon verwe,
9. boere, wasvrouens en gepynigde gesigte,
10. die kantelende landskap in die snelle ligte
11. geel en groen en blou - alles met koorsige gevele
12. tot branding van die skone kon verwek,
13. toe is Sy hartstog eers in jou volbring
14. soos groen sipresse tot 'n vlam verwring.

Uit: *Heilige beeste*, 1947

- 4.1 Waarom word Van Gogh as 'n *miskende heilige* beskou? (1)



- 4.2 Verduidelik wat “verknot”, versreël 6 beteken, en hoe hierdie betekenis in Van Gogh se lewe as miskende heilige van toepassing is. (2)
- 4.3 Herlees versreël 7.  
Verduidelik die gebruik van die voegwoord, *maar*. (1)
- 4.4 Benoem die stylfiguur in reël 10. (1)
- 4.5 Wat het Van Gogh in staat gestel om bo aardse ellende en pyn uit te styg? (1)
- 4.6 Benoem die retoriese middel in r. 11 en verduidelik die funksie daarvan. (2)
- 4.7 Herlees versreël 7 en 13.  
Verduidelik hoe die kontrasterende emosies dui op Van Gogh se lewe. (3)
- [10]**

## EN

### ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

#### VRAAG 5: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die gedig hieronder en beantwoord dan die vrae wat volg.

#### **Windloos - K.de Wet**

1. Die wind het nooit vandag bedaar nie.
2. Vroegdag reeds het vissers ver die naderende
3. front in getuur, en uit ervaring geweet:
4. vandag sou hulle nie uit kon vaar nie.
  
5. Knobbelvingers het handig nette herstel,
6. bootenjins is versien en getoets en
7. liefderyk versorg. Na 'n middagmaal van
8. snoek en patats, is visstories aan die kinders vertel.
  
9. Vanaand pleit hulle by die Weerprofeet.
10. Voordat die dag van more se program
11. in kerslig beplan en oordink kan word,
12. moet 'n man darem eers van nog woeste winde weet ...

- 5.1. Benoem die tipe strofebou wat gebruik word. (1)
- 5.2 Gee die rede vir die gebruik van die dubbelpunt aan die einde van versreël 3. (1)
- 5.3 In versreël vyf is die klankeffek (halfrym) opvallend. Benoem die klankeffek (halfrym) in reël 5 en verduidelik die funksie daarvan. Skryf 'n ander woord in strofe twee wat met dié funksie skakel, neer. (3)
- 5.4 Dink jy die gebruik van “liefderyk”, versreël 7, is gepas. Motiveer jou antwoord. (1)
- 5.5 Wie is die “Weerprofeet”, versreël 9, en wat pleit die vissers by hom? (2)
- 5.6 Die gedig handel oor die invloed van sterk wind op die vissers se lewe. Hoe skakel die titel “Windloos” met die inhoud van die gedig? (2)

**[10]****TOTAAL AFDELING A: 30****AFDELING B: ROMAN**

Beantwoord in hierdie roman **SLEGS EEN** vraag oor die roman wat jy bestudeer het.

**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – Eleanor Baker**

- Vraag 6 Opstelvraag  
Vraag 7 Kontekstuele vraag

**MANAKA, PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

- Vraag 8 Opstelvraag  
Vraag 9 Kontekstuele vraag

**VATMAAR – AHM Scholtz**

- Vraag 10 Opstelvraag  
Vraag 11 Kontekstuele vraag

**ONDERWÊRELD – Fanie Viljoen**

Beantwoord ÓF VRAAG 12 (opstelvraag) ÓF VRAAG 13 (kontekstuele vraag).

**VRAAG 12 OPSTELVRAAG**

Daar is verskillende betekenismoontlikhede van die onderwêreld in hierdie roman.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde. **[25]**

**OF**

**VRAAG 13 KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die uittreksels hieronder aandagtig deur en beantwoord die vrae.

**TEKS A**

1 Ek vat my bierblik en frommel dit tussen my hande, “Oukei,” sê  
 2 ek. “So daar is die good guys en die bad guys in die hacking-  
 3 onderwêreld.”  
 4 “Ja, hulle praat ook van die white hats en die black hats.”  
 5 “En die black hats is seker kriminele.”  
 6 Eckardt knik sy kop en glimlag skeef. Hy teken af op sy laptop. In  
 7 my broei daar nou 'n opgewondenheid. En die potensiaal van  
 8 gevaar wat skuins agter die opwinding lê.  
 9 “Sal jy my leer?” vra ek toe Eckardt weer agteroor leun in sy  
 10 stoel.  
 11 “Wat betaal jy my?”  
 12 Ek maak of ek sy stoel omgooi.”Komaan, Eckardt!”  
 13 Hy kyk my eers net aan asof hy moet besluit, maar ná 'n ruk sê  
 14 hy: “Oukei, maar nie vanaand nie. Môre. Ons kan môre begin.”

13.1.1 Watter soort verteller tree in die roman op? (1)

13.1.2 Noem twee voordele van hierdie soort verteller. (2)

13.2. Herlees reël 1.

13.2.1 Wie is die “ek”? (1)

13.2.2 Hoe kontrasteer sy handeling in reël 1 met die posisie wat hy by die skool beklee? (2)

- 13.3 Wie is Eckardt (reël 6) en hoekom het die “ek” spesifiek sy vriendskap gekoester? (3)
- 13.4 Die herhalende motief (leitmotiv) in die roman is die “onderwêreld”.  
Verduidelik die gebruik van die motief in reël 4 en noem wat jy dink Eckardt se keuse was. (3)

## EN

### TEKS B

1 Inspekteur Cele bly ‘n oomblik stil. Toe vra sy. “Greg, kan jy vir  
2 my verduidelik hoekom Eckardt jou G-4ce noem? En hoekom jy  
3 die enigste persoon is wie se nommer op sy selfoon gebêre is?”  
4 Natuurlik! Die oproep gisteraand waar die telefoon net  
5 doodgedruk is toe ek antwoord. Ek het gedink dit is die persoon  
6 wat by my kamerdeur was, maar dit was sy: Inspekteur Cele! Hoe  
7 anders kan sy weet? Was dit dan ook een van hulle twee by die  
8 deur?  
9 “G-4ce is maar net ‘n naam wat Eckardt my gegee het. Meeste  
10 ouens kry mos maar byname op skool. Een van die ouens se  
11 name is Plank, en daar is ‘n ou wat ons –“  
12 “Wat is Eckardt se bynaam?”  
13 “Hy het nie een nie,” lieg ek.  
14 Weer ‘n stilte. Ek sien sersant Botha maak ‘n aantekening.  
15 “En my ander vraag?” sê-vra inspekteur Cele.  
16 “Ek is jammer, wat was dit nou weer?”  
17 “Greg, hoekom was net jou nommer op Eckardt se selfoon  
18 gebêre en nie ‘n enkele ander nommer nie?”  
19 “Ek weet nie.”

- 13.5 Wie is inspekteur Cele (reël 1) en waarom ondervra sy vir Greg en watter stemming word hierdeur geskep? (3)
- 13.6 Skryf ‘n karaktereienskap uit TEKS A neer wat met Greg se hacking-bynaam, G-4ce, skakel. (1)

- 13.7 Eckardt het 'n hacking-bynaam.  
Wat is dié naam? Watter assosiasie kan daarmee gemaak word en hoe het dit Greg se lewe beïnvloed? (4)
- 13.8 Greg word geleidelik deur die onderwêreld ingesluk.  
Verduidelik waarom net Greg se naam op Eckardt se selfoon was (reël 17) en hoe dit daartoe bygedra het dat Greg 'n verdagte is. (2)
- 13.8 Wat is Plank (reël 11) se regte naam? (1)
- 13.9 Wat is die ruimte waarin hierdie roman afspeel en verduidelik waarom die leerders wat hier skoolgaan as “skouperde” beskryf word. (2)

**[25]****TOTAAL AFDELING B: 25****AFDELING C: DRAMA**

Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle gedoen het.

**KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Vraag 14 – opstelvraag

Vraag 15 – kontekstuele vraag

**OF****MIS – Reza de Wet****VRAAG 16 – OPSTELVRAAG**

Die mismotief is 'n duidelike motief in die drama.

Bespreek hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde.

**[25]**

**VRAAG 17 - KONTEKSTUELE VRAAG****TEKS C**

- 1 MIEM: Jy't reg opgetree, Gertie. Vanaand moet ons almal  
2 saamstaan.
- 3 MEISIE Gisteraand het ek ook 'n uil gehoor. In die boom net voor  
4 my venster.
- 5 MIEM My arme kind. Maar moet jou nie bekommer nie.
- 6 GERTIE Ek wil tog nie moeite wees nie.
- 7 MIEM Nee wat, Gertie, dis geen moeite nie. Jy kan op die klein  
8 bedjie in my kamer slaap. Meisie, neem solank juffrou  
9 Gertie se goed kamer toe.
- 10 MEISIE Ja, Ma. (*Tel die hoed en die tassie op en verdwyn deur  
die gangdeur*)
- 11 GERTIE (*roep agter haar aan*) Dankie , Meisie!
- 12 *'n Sagte huilwind word gehoor.*
- 13 MIEM (*sag*) Ek is bly jy is veilig hier by ons, Gertie. (*Kyk vlugtig  
14 na die gangdeur*) As ek net dink aan die moordenaar ...  
15 die verkragter ... Wat weer vannag deur die dorp sluip ...  
16 op soek na sy prooi.
- 17 GERTIE (*gril*) Jy gee my skoon die rillings, Miem,
- 18 MIEM Dit is net die onsekerheid. Waar sal hy toeslaan? Wie  
19 sal dit wees?
- 20 GERTIE Hoe aaklig! Maar dan is daar natuurlik dié wat sê ons  
21 maak te veel van die ding. Dat Tok Pieterse se Rienie en  
22 Hannah Koen se Sannie maar net weggeloop het ... uit  
23 ontevredenheid ... en frustrasie.
- 24 *Terwyl Miem verder praat, kom Meisie weer binne, gaan  
25 sit en werk verder.*

- 17.1 Herlees reël 1 en 2  
Wat is die datum van “vanaand” en waarom moet almal saamstaan? (2)
- 17.2 Waarvan is die uil (reël 3)‘n motief? Verduidelik die ironie in Meisie se opmerking? (2)
- 17.3 Ontleed die maniere waarop spanning in hierdie uittreksel geskep word. (2)
- 17.4 Wat weet ons omtrent die omstandighede van Rienie Pieterse en Sannie Koen se verdwynings en hoe stem dit met Meisie ooreen? (3)
- 17.5 Benoem die deel van die dramatiese struktuur waaruit die teks geneem is. (1)
- 17.6 Wat is Gertie se verwantskap met Miem? (1)
- 17.7 Herlees reël 7 – 10  
Watter karaktereienskap van Miem blyk duidelik uit haar dialoog? Verduidelik hoe dit by die tema van bevryding aansluit. (3)

## EN

### TEKS D

1		<i>Die sirkusmusiek kan nie meer gehoor word nie.</i>
2	MIEM	( <i>staan swaar op</i> ): Nou ja, dan gaan kruip ek maar in.
3		
4	GERTIE	Ek ook.
5	MIEM	Ek moet vroeg op. Die besending mis word sewe- uur gelaai.
6		
7	GERTIE	Die skoolklok lui al kwart voor agt.
8		<i>Honde wat blaf.</i>

9	MIEM	Hoor net. Dis die polisiehonde wat so blaf.
10	GERTIE	Die dorp word goed beskerm. ( <i>Kyk skaam na die konstabel</i> ) Ek is seker daar sal dié keer niks gebeur nie.
11		
12		
13	MIEM	Ek is nie seker nie, Gertie. Ek ... het so 'n aardige gevoel. Maar wag, ek wil nie spoke opjaag nie. Kom ons gaan slaap. Nou goed, Konstabel, ek hoop om u gou weer te sien. ( <i>Draai albei lampe se pitte af</i> ) Ek draai maar die lampe se pitte af. Alles kos geld en vir u is dit om 't ewe, nie waar nie?
14		
15		
16		
17		
18		
19		
20	KONSTABEL	Dit is so, Mevrou.
21	MIEM	Goeienag, Konstabel.
22	KONSTABEL	Goeienag, Mevrou. Goeienag, Juffrou.

- 17.8 “Die besending mis word sewe-uur gelaai.” (reël 5)  
 Waarom is die mis vir Miem-hulle belangrik? Watter betekenis van die titel Mis is in hierdie aanhaling ter sprake? Noem TWEE ander moontlike betekenis van die titel Mis. (4)
- 17.9 Gertie loer skaam na die Konstabel. Verduidelik wat hierdie reaksie veroorsaak het. (3)
- 17.10 “Ek draai maar die lampe se pitte af.” (reël 17)  
 Verduidelik kortliks die Bybelse konnotasie van hierdie woorde. (2)
- 17.11 Daar is verskeie verwysings na bekende sprokies in die drama. Dink jy Meisie se verhaal het 'n sprokieseinde? (1)
- 17.12 Sluit die slot van die drama effektief aan by die stemming van die drama? Motiveer jou antwoord. (1)

**[25]**

**TOTAAL AFDELING C: 25**  
**GROOTTOTAAL: 80**